# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XIX** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2025 SEPTEMBER **No. 03**


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**PSALM 81:2-9**

2. Jubel tot eer van God ons sterkte, juig tot eer van die God van Jakob!
3. Sing, en slaan die tamboeryn, laat hoor die lieflike klanke van die lier en die harp.
4. Blaas die ramshoring op nuwemaan, met volmaan, op ons feesdag,
5. want dit is 'n instelling vir Israel, 'n verordening van die God van Jakob.
6. Hy het dit vir die nageslag van Josef as 'n dure plig opgelê toe hulle uit Egipte weggetrek het. Wat hulle toe nog nie geweet het nie, het hulle gehoor:
7. "Ek het die swaar drag van julle skouers afgehaal, julle kon die mandjies neersit.
8. In julle nood het julle geroep en Ek het julle gered; Ek het julle uit 'n donderwolk geantwoord, julle by die waters van Meriba op die proef gestel.
9. Luister, my volk, Ek gee julle 'n opdrag. Israel, luister na My.

# HOU VAS &WEES DAPPER IN MOEILIKE TYE!

**HOLD FAST & BE COURAGEOUS EVEN IN HARD TIMES!**

*Sus. Angel*



Geseënde groete vir julle in die Naam van ons Heer en Verlosser Jesus Christus, wat alleen die mag het om buitengewone en bonatuurlike dinge te doen. Ek vertrou hierdie boodskap sal jou ophef, en ek bid dat jy net soos jou gees sal floreer.

'n Paar dae gelede het ek Daniël 3 gelees. En al het ek dit baie kere tevore ook gelees, het dit my hierdie keer diep bemoedig en gerus gestel. Ek het gelei gevoel om 'n paar gedagtes met julle te deel.

## DIE HEBREEUSE BROERS!

Daniël 3 begin met 'n dramatiese en intense toneel. Die drie Hebreeuse manne, Sadrag, Mesag en Abednego, is deur koning Nebukadnesar beveel om te buig in aanbidding voor die goue beeld wat

*....verv. op.bls. 3*


Echo of His Call



*YouTube Christian Channel !*

**Jy sal die geleentheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

Elke dag – From 2.00 vm

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

* Please Subscribe and Share *

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

REACHING NATIONS



## van julle geliefde broer...



### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


HON. EDITOR-IN-CHIEF

Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.

EX MANAGING EDITOR

Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

GENERAL MANAGER

Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM., MBA.

ADMINISTRATION

Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)

EDITORIAL BOARD

Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.



EDITOR, PUBLISHER & PRINTER

Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers


10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858

E.MAIL

sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

WEBSITES

www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.org

YOUTUBE CHANNEL

Echo of His Call


**Doen wat reg is in die oë van die Here, sodat dit goed kan gaan met jou ... - Deuteronomium 6:18.**

Liewe vriende,

Gegroet in die kosbare Naam van ons Heer en Verlosser Jesus Christus!

Ontvang my hartlike dank aan al my broers en susters in die Here wat getrou agter die skerms saam met my staan met julle vurige gebede, onvermoeide arbeid en ruimskootse offers. Julle is God se goedgunstige geskenke aan my wat my in staat stel om sy Naam aan die nasies te verkondig, selfs te midde van daaglikse uitdagings, beproewings en vervolging.

Ek hou ook vas aan die getuienisse van God, en ek glo Hy sal my nie in die skande laat kom nie. Die psalmis skryf in Psalm 119:31:

**Ek hou vas aan u verordeninge, Here, moet tog nie dat my lewe 'n teleurstelling word nie.**

Vashou beteken om te kleef aan iets, naby te hou, vas te staan. Toe God sy gebooie vir sy mense gegee het, het Hy kort-kort aangemoedig om "vas te hou" of aan God verbind te bly. Daar is nie 'n ander roete om jou God-gegewe doel te bereik sonder hierdie onwankelbare toewyding nie.

Ekself het hierdie reis van hang aan die Here in my vroeë jeugjare begin. Ek het begryp dat 'n suksesvolle geestelike wandel nie 'n maklike of gemaklike pad is nie. Dit vra doelbewuste inspanning – om vas te hou, standvastig te bly, om aan God te kleef met ons hele hart.

Dit is nie maar net woorde nie; dit reflekteer diep geestelike ervarings. Dit praat van aan God verbind bly in sonskyn of storm, deur mislukkings, troubreuk, eensaamheid, siekte, verliese, lyding, beproewings, en versoekings.

Net soos iets wat stewig aan iets anders gegom is, nie maklik geskei kan word nie, so moet ons lewens aan Jesus Christus verbind bly. As ons werklik so aan Hom klou, word Hy 'n onskeibare deel van ons lewens.

Dit is die lewe gebou op vaste rotse, nie op sinkende sand nie.

Ons kan die gebeure van die Bybel vandag vervuld sien in ons eie lewens. Mense van verskillende gelowe en lewensstatus sal uiteindelik getuig dat die Here God, Jesus Christus, nog steeds lewe en onder ons werk.


Our Ministries: ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) YouTube Ministry Online Courses Theological Correspondence Courses (2 languages) Church Planting Nehemiah Bible Colleges Gospel Printing Press Great Commission Partners St. Paul's Matriculation School Crusades Community Development

Soms kan hierdie vashou, kleef aan of hang aan God tydens die lewe se woestyn-ervarings ons in spanning bring en selfs ons verhouding met hom strem. Maar, God se Woord verseker ons:

**"Maar julle wat getrou gebly het aan die Here julle God, lewe vandag nog almal."** (Deuteronomium 4:4).

So, laat "vashou aan die Here Jesus Christus" ons wagwoord wees. Dit is hierdie vaste geloof wat ons oorwinnend deur die moeilikhede van die lewe sal lei en ons oorwinnaars sal maak.

Hierdie onwankelbare toewyding moet gewortel wees in bewonderende eerbied vir God wat in elke opsig van ons lewe weerkaats.

Jy is in my gebede. Hou vas aan die Here Jesus Christus. Die res van jou lewensreis sal geseënd en vol vrug wees.

Mag die genade van ons Here Jesus Christus altyd by julle wees.

Geliefdes, hou asseblief aan om vir ons te bid.

In Christus Jesus, julle dienaar,

*PAST. S. SAM SELVA RAJ*

E-pos: : sam@echoofhiscall.org

*....Contd. from page* 1

hy opgerig het. Toe hulle weier, is hulle in die brandende oond gegooi.

Maar voor ons dieper kyk, moet ons eers gou kyk na hoofstuk 2 vir die agtergrond. Daar het koning Nebukadnesar 'n ontstellende droom gehad. **Daar was 'n groot beeld, sy kop was**



***Koning Nebukadnesar het 'n onstellende droom***

**van suiwer goud, sy bors en sy arms van silwer, sy maag en sy heupe van brons. Sy bene was van yster en sy voete deels van yster en deels van klei** (Daniël 2:31-32).

Daniël het die droom vir hom verklaar. **Die kop van goud het verwys na Nebukadnesar self, en na hom sal ander koninkryke opkom – maar geen een so roemryk en magtig nie** (vs 38-39).

Die Bybel vertel nie die tydsverloop tussen hoofstuk 2 en 3 nie, maar iets het die koning se hart geroer. Dalk het hy by homself gedink: "Ek sal sterf en iemand anders sal na my heers. Maar ek wil hê die mense moet my goue jare van heerskap onthou." Gedryf deur trots of onsekerheid besluit hy toe op die massiewe goue standbeeld – waarskynlik van homself – en beveel dat almal in aanbidding voor dit sal buig.

## 1) Gebind Tot Vryheid!

Daniël 3:21 – **Hulle is toe vasgebind en sommer met hulle hemde, broeke en kopdoeke, met al hulle klere, in die brandende oond gegooi.**



***God het 'n groter plan***

Die koning het gedink hy het hulle vasgebind, hulle van hul vryheid beroof deur hulle in die oorverhitte oond te gooi. Die vyand het seker geglo dat hy God se plan suksesvol gefnuik het, dit ontspoor het of vertraag het of selfs vernietig het. Maar God het 'n nog groter plan in beweging gesit.

Vir die oomblik het dit gelyk asof dit die einde van die drie manne was. Die satan was seker bly

## BAIE DRINGENDE KENNISGEWING!




Daar mag onvermydelike onderbrekings kom in die posversending van **Echo of His Call** in die nabye toekoms. As jy **Echo of His Call** steeds wil ontvang sonder onderbreking, stuur asseblief vir ons jou naam, adres, e-pos, en WhatsApp nommer in 'n brief, e-pos, oproep of SMS of WhatsApp-boodskap so gou moontlik.

Jou hulp hierin help ons om jou beter te dien.

**Ons adres:**

**ECHO OF HIS CALL,**
10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005, India
Cell: (+91) 98412 71858 / 98410 71858 E.mail: sam@echoofhiscall.org

toe God nie dadelik ingryp nie. Soms antwoord God gou wanneer ons bid, maar ander tye is daar stilte, selfs vir jare lank. Hierdie stilte kan ons geloof skud en ons verlei om op te gee.

Ek weet nie van jou nie, maar ek het tye beleef waar dinge na gebed eerder erger geword het en nie beter nie. As ons hierdie storie van die Joodse manne oordink ... nadat hulle hul geloof vrymoedig verklaar het, is die oond warmer gemaak, sewe keer warmer!

Liewe vriend, dalk het jy ook al gewonder: "Here, hoekom het dit van erg na erger geword? Ek het dan gebid! Hoekom laat U dit so toe?"

Ja, God kon gekeer het dat hulle in die vuur gegooi word. Hy kon die vlamme geblus het voor hulle in is. Maar toe doen Hy iets nog groter: Hy wag vir hulle binne in die vuur. Hy was reeds daar, gereed om hulle in sy arms te hou.

Ek glo dat toe hulle in die vlamme in gegooi is, hulle reguit in die ewige arms van God geval het. Hy was hulle vooruit. Hy is altyd voor ons uit – loop voor om ons te beskerm, selfs in die vuur, daardie ekstra warm oond. Hy is daar. Jy is nie alleen nie. Hy wag daar vir jou om jou te versterk en te versorg.

Niks gebeur in ons lewens sonder God se toestemming nie. Hy laat seisoene van intense worsteling toe – nie tot ons nadeel nie, maar om ons as lewende getuies te gebruik vir komende geslagte. Ons lewens en getuienis sal staan. God het ons geroep om 'n getuienis na te laat.

## 2) Wandel in Vryheid!

Toe die drie manne in die vuur gegooi is, was hulle skielik losgemaak. Die toue om hul hande en voete was net weg. In God se teenwoordigheid was hulle vry, het



ongedeerd in die vuur gestap, met die Seun van God langs hulle.

**"Maar ek sien dan vier manne wat vry en ongedeerd rondbeweeg in die vuur, ..."** (Daniël 3:25).

Die Tamil Bybel vertaal hierdie vers besonder mooi. Dit sê nie maar net hulle het geloop nie, maar dat hulle gewandel het. Wat 'n prentjie! Hulle is losgemaak, vry in die plek wat hulle moes vernietig.

Liewe broers en susters, jy mag jou dalk juis nou in so 'n vuur bevind. Maar solank jy in God se teenwoordigheid bly, is jy vry. Hy kan enige bindings breek. Daar is vryheid in die bloed van Jesus Christus.

Wat my die meeste verstom is nie net dat hulle bevry is nie, maar wat hulle toe gedoen het: hulle het saam met hul Maker gewandel!

Dink daaraan: wanneer gaan ons eintlik vir 'n wandeling? Mense wandel in parke of tuine, rustig en nie gejaagd nie, geniet die natuur of aangename geselskap, op hulle tyd sonder druk of angs.

Kan jy jou verbeel? Sadrag. Mesag en Abednego wandel, kalm en sonder druk, in die middel van 'n vlammende oond! Die vyand het gedink hy het hulle, maar hy het een magtige waarheid vergeet: God staan vir hulle in.

Ja, sê dit hardop met vertroue: "God staan in vir my!"


## 3) Geen Skade!

Hulle hande en voete was nie meer gebind nie, en hulle het met die Here gewandel, en daarby het hulle geen brandwonde gehad nie. Soos Daniël 3:25 verklaar: "... **ongedeerd ...**"

**Hoe is dit moontlik?**

Dit beteken daar was geen tekens van die vuur nie – geen brandwonde, blase, nie eens die reuk van rook nie. God het hulle heeltemal beskerm, asof hulle nooit eers in die vuur was nie.

Ek stel my voor hulle het Psalm 23 gesing toe hulle na die oond gebring is: **Selfs al gaan ek**



***Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie!***

*....verv. op.bls.* 6

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2025 September 19 Tot 2025 Oktober 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

**September 19** ➲ Ons **St. Paul Matrikulasieskool** se hoof, onderwysers en personeellede.

**September 20** ➲ Die seën op ons Mederedakteurs en hul gesinne.

**September 21** ➲ Die groei van ons **Bybel Korrespondensiekursus** en **Teologiese Korrespondensiekursus**.

**September 22** ➲ Sy seën oor die gesinne van ons werkers.

**September 23** ➲ Sy seën op al ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote, Groot Opdragvennote, en almal se gesinne.

**September 24** ➲ God se getroue voorsiening vir al ons behoeftes in Augustus.

**September 25** ➲ Sy genade waar **Echo of His Call Bedienings** gereed maak om sy 57ste jaar te begin op 10 August 2025.

**September 26** ➲ God se guns op die nuwe toelatings by **St. Paul Matrikulasieskool**.

**September 27** ➲ Die krag van God se Woord tydens ons Sondag dienste by die Hoofkerk en die dogter gemeentes.

**September 28** ➲ Nuwe studente by ons **Nehemia Bybelkollege** se aandklasse.

**September 29** ➲ Die innige toewyding wat ons sendingwerkers vertoon.

**September 30** ➲ Ons Senior Pastoor en sy volgehoue toegewydheid om die Evangelie deur verskeie bedienings te bevorder.

**Oktober 01** ➲ Die voorreg om ons tydskrif in 16 tale te kan druk deur ons eie drukpers en na die sendingvelde te stuur.

**Oktober 02** ➲ Die bemoedigende getuienisse wat ons ontvang deur die 5-minute boodskappe via **Echo of His Call YouTube** Media Bediening.

**Oktober 03** ➲ Sy voortgesette seën op **St. Paul Matrikulasieskool**, **Nehemia Bybelkollege**, en die **Bybel Korrespondensiekursusse**.

### Bid asseblief vir ...

**Oktober 04** ➲ God se leiding om ons te help om gereeld teologiese seminare te hou.

**Oktober 05** ➲ Eenheid en vrede onder alle nasies.

**Oktober 06** ➲ Seën oor ons mederedakteurs en hul gesinne.

**Oktober 07** ➲ Ons Vennote, Staat se koördineerders en hul gesinne.

**Oktober 08** ➲ Die veiligheid en welsyn van mense oor die wêreld.

**Oktober 09** ➲ Nuwe studente toelatings by **St. Paul Matrikulasieskool** (Village High School).

**Oktober 10** ➲ God se seën oor ons Evangelie Drukpers.

**Oktober 11** ➲ Goeie gesondheid en welsyn van ons Senior Pastoor, S. Sam Selva Raj, en sy gesin.

**Oktober 12** ➲ Integriteit tussen gelowiges van alle nasies in hul verhouding met God.

**Oktober 13** ➲ Die jeug- en uitreik bedienings van **Echo of His Call**.

**Oktober 14** ➲ Die beëindiging van ekonomiese resessie in verskeie wêrelddele.

**Oktober 15** ➲ Goddelike beskerming van sendingwerkers oraloor.

**Oktober 16** ➲ Elke nasie om gelei te word deur Godvresende leiers.

**Oktober 17** ➲ Ekonomiese opheffing van minder bevoorregtes en ongeagtes.

**Oktober 18** ➲ Goddelike beskerming vir mense teen natuurrampe oraloor.

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges (Drie) (Aand / Residensiëel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 9.00 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

*verv. v. bls.4*

**deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my, in u hande is ek veilig** (Psalm 23:4).

Ja, inderdaad was Hy by hulle, gereed om te bemoedig en te bevry, soos Hy beloof het.

### Hier is 'n paar van sy kosbare beloftes:

Sagaria 2:8 – **"... wie aan julle vat, vat aan my oogappel."**

Jesaja 49:16 – **Ek het jou naam in my handpalms gegraveer, ...**

Psalm 91:11 – **Hy sal sy engele opdrag gee om jou te beskerm waar jy ook al gaan.**

Psalm 121:7 – **Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, Hy sal jou lewe beskerm.**

Johannes 10:28 – **Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.**

Liewe vriende, watter oorweldigende of smorende situasie jy nou in mag wees, jy sal daar uit kom sonder letsel. Hou net aan die Here vas. Hy sal 'n pad maak waar daar geen pad blyk te wees nie.

Jy is dalk vasgeval in 'n mishandelende verhouding, verdrink in 'n geldelike krisis, worstel met ernstige siektes, ingesleep in hofsake, of treur oor 'n


ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE REACHING NATIONS

**NEHEMIAH BYBELKOLLEGES**

Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.

HAAS JOU VIR TOELATING!

Diploma in Theology

Medium :Tamil (Part Time)
Hindi (Residential) (Sponsorship Available)

Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër

Bid asb. vir

Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 55 jaar

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

verlore geliefde. Onthou net dit: God staan vir jou in.

Eis sy beloftes. Prys Hom gedurig in die storm. Hy sal jou uit die omstandigheid bring of jou die genade gee om dit te verduur, sonder letsel.

Net soos die drie Hebreeuse vriende. Hulle het heeltemal ongedeerd uit die vuur gekom!

## 4) Die Vuur het geen Mag nie!

Daniël 3:27 sê **... die vuur kon niks aan hulle liggame doen nie ...**

Dit beteken die omstandigheid het geen mag oor jou nie. Halleluja!

Die koning en sy amptenare was oortuig die vuur sou hulle verbrand. Maar wat in werklikheid gebeur het was merkwaardig: die vuur het nie die uitkoms bepaal nie. Nee, die drie manne het, deur die krag van God.

Laat ek vir jou vertel: jou situasie het nie mag oor jou nie – tensy jy dit mag gee.

Moenie beheer gee aan jou vrees, pyn of krisis nie. Weier dat die situasie jou domineer. As 'n kind van God het jy die gesag. Die vuur mag eg wees, maar dit is kragteloos teen hom wat saam met die Vierde Man wandel!

## 5) Dit bring Eer aan God!

Alle gebeure in ons lewens het een goddelike doel, of dit aangenaam of pynlik is: om eer aan God te bring.

Ja, ook lyding, en verlies, selfs vuur.


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

*For more details, write to us.*

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)**

**"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15**

## THE LORD WHO EXALTS HUMBLE MINISTRY

Van my jong jare af het die Here my 'n groot belangstelling en ook 'n groot las gegee om mense te bereik deur sy glansryke evangelie, met alle middele, ten alle koste, op enige manier, sodat hulle die verlossing van Jesus Christus kan geniet (1 Korintiërs 9:22). Een dag het ek besluit om die liefde van die Here Jesus Christus te vertel aan ten minste een persoon elke dag, deur evangelie-traktaatjies uit te deel of deur persoonlike gesprekke. Die Here help my nog steeds om hierdie besluit uit te voer.

Sedert 1971, terwyl ek vir die Regering van Tamil Nadu gewerk het, het ek gewoonlik evangelie-traktaatjies uitgedeel op my pad van die huis af na my werk toe, en ook op my terugtog huis toe. Toe ek in die bediening was kon ek duisende nie-christene en 'n paar Godsmense ontmoet. Afgesien hiervan kon ek deur die kontakte wat ek opgebou het deur die bediening 'n kerkbediening in Chennai begin.

Omdat ek nie genoeg leesstof kon kry nie, moes ek die plaaslike drukpers nader om evangeliese leesstof te druk vir my gratis verspreiding. Die eienaars van die drukpers was nie so opgewonde daaroor om evangelie pamflette vir my bediening te druk nie. Dit was meer kere vir my ongemaklik. Maar ten spyte van sulke ongunstige dinge het die Here gehelp dat die bediening voortgaan.

Verskeie kere is ek fisies aangeval toe ek die traktaatjies uitgedeel het aan vriende van ander gelowe. Maar God het my beskerm teen bose magte en gehelp dat sy bediening aangaan.

So het die Here vir wie ek getrou gedien het my geëer in my nederige bediening van traktaatjies uitdeel op straat en markplekke, en my geseën met 'n groot BEDIENING VAN EVANGELIESE LEESSTOF met genoeg bekwame personeel, nuwerwetse druk toerusting, geboue, ens. En soos julle weet, deur God se genade bereik hierdie bediening mense in verskeie lande met Jesus se boodskap, en ons vertaal en publiseer dit in sestien tale, naamlik Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Marathi, Kannada, Bengali, Gujarati, Oriya, Assamese, Punjabi, Urdu, Nepali, Sinhala en Afrikaans. Ons het ook elke Sondag aanbiddingsdienste by ons Hoofkerk in vyf tale, naamlik Engels, Tamil, Malayalam, Telugu en Hindi.

**Jesus Christus kan ook in jou lewe groot dinge doen** (Psalm 126:3). **Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring** (Psalm 126:5).

************

Nadat koning Nebukadnesar hierdie wonder aanskou het, het hy verklaar:

**Toe sê Nebukadnesar: "Aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego kom die eer toe, Hy wat sy engel gestuur het en sy dienaars gered het. Hulle het op hulle God vertrou en het die koninklike bevel verontagsaam en hulle was bereid om hulle lewe te verloor eerder as om enige god behalwe húlle God te dien of te aanbid. Daarom vaardig ek 'n bevel uit dat enige persoon, van watter volk, nasie of taalgroep hy ook is, wat met minagting praat oor die God van Sadrag, Mesag en Abednego, in stukke gekap moet word en dat sy huis 'n puinhoop gemaak moet word. Daar is immers geen ander god wat in staat is om so te red nie."** (Daniël 3:28–29).



*Koning Nebukadnesar se bevel*

God het die vuur toegelaat, selfs dat dit erg gestook word. Hoekom?

Eerstens omdat Hy jou vertrou om deur te loop in geloof.

Tweedens omdat Hy jou getuienis sal gebruik om sy Naam te eer.

Dus, skep moed, my broer en suster. Wat jy nou deurgaan is nie vergeefs nie. Dit sal eer aan God bring, en jy sal uit die vuur kom as sy kragtige instrument, gesuiwer en glansend.

## 6) Bevordering!

Ons mag onsself soms afvra: "Wat is dit bedoeling? As God al die eer en heerlikheid gaan kry, as Hy alleen verhoog word ... waar pas ek dan in hierdie prentjie?"

Wanneer ons die res van die verhaal in Daniël 3 lees, sien ons 'n wonderlike waarheid: God beloon hulle wat Hom gelowig vertrou. Sadrag, Mesag en Abednego is nie net in die geestelike realm geëer nie, maar is ook beloon hier op die aarde. **Die koning het toe gesorg dat dit voorspoedig gaan met Sadrag, Mesag en Abednego in die provinsie Babel.** (Daniël 3:30).

Die satan het hulle vernietiging beplan. Hy wou hul lewens afsny, hul guns by die koning stop, so ook hulle bediening, hulle geloof, God se plan vir hulle, en ander wat dit aanskou het se geloof ondermyn, en uiteindelik die uitbreiding van God se koninkryk keer.

Maar niks hiervan het gebeur nie. Inteendeel, God het die vyand se plan omgedop en dit gebruik om sy koninkryk oor die aarde te versterk. Kyk wat het Hy bereik:

Dit het sy plan uitgevoer. Dit het Hom vereer. Dit het hulle geloof versterk, en ook die geloof van ander Jode, self nie-Jode soos die koning self. Dit het hulle guns gegee voor God en die mense (die koning). Dit het nie hulle lewens beëindig nie, maar eerder 'n nuwe begin gegee, 'n nuwe doel en visie en posisie. Dit het bewys dat **wat die vyand as kwaad beoog het, het God omgekeer vir iets goeds** (kyk Genesis 50:20).

Die koning wat tevore beveel het almal moet voor 'n goue beeld buig, het nou openlik die oppermag van die God van Israel verklaar: "**Daar is immers geen ander god wat in staat is om so te red nie.**" (Daniël 3:29).

## 7) GEESDRIF – 'n ERFENIS NALAAT!

Laastens het die drie manne 'n kragtige en blywende erfenis gegee, van onwrikbare geloof wat tot vandag toe met ons praat, nou in 2025. God het toegelaat dat hulle in die vuur kom sodat hulle getuies kan wees vir volgende geslagte. Hulle verhaal is uitdagend en dit inspireer ons om met dieselfde ywer vir God te leef. Hulle het vrymoedig verklaar:

**Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie."** (Daniël 3:17–18).

Let op hul onbeskaamdheid en oortuiging vir die Here! Hulle was gewillig om te sterf eerder as om hul geloof in Hom op te gee.

Hoe maklik raak ons ontmoedig wanneer dinge vir ons skeef loop? En tog het hierdie jong mans met hul onwankelbare toewyding hul eie geloof en ons s'n versterk.

**Kom ek vra jou:**

Kan jy steeds vir God dien ... midde in mislukkings? Midde in siekte? Midde in gesin- en familie moeilikhede? Of in gesondheidsuitdagings of professionele druk? Midde in persoonlike hartseer? Of in aanhoudende teleurstelling en gebrokenheid? Selfs midde in seën en oorvloed?

***Moenie terugdraai nie***



***Hy is naby, en sy arms is oop***

Hy wag vir jou. Daarom het Jesus Christus aan die kruis gesterf, sodat Hy vir ons kan intree en voluit verstaan waardeur ons gaan. Hy is nie ver of afsydig nie. Hy is naby, en sy arms is wyd oop vir jou.

**So hou vas aan Hom. Dien Hom met ywer.**

Leef 'n lewe wat 'n erfenis nalaat.

************

**NOTICE**

Save our mobile numbers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (main numbers) in your mobile phones.

- Editor

Posted at "Egmore RMS Patrika Channel" RNI TC NO. TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org**) Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.org

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS Patrika Channel"
on 4th SEPTEMBER 2025
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

*JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**